

# GEMEENSKAP INLIGTING SESSIE

Orion Minerals

## PCZM taak span gereed om opleiding, ontwikkeling en verkryging aan te pak.

**Die taak span van die Prieska Koper-Sink Myn projek (PCZM), wat verlede jaar tydens die samewerkende Bosberaad benoem is, het die afgelope twee maande voortgegaan met die bespreekings en vordering van uitvoerings planne vir PCZM.**

Die taak span, het die verantwoordelikheid gekry om planne by PCZM te ontwikkel, te implementeer en te moniteer. In Mei en Junie is wegbreek vergaderings gehou om op opleiding, ontwikkeling en dienste verkryging by die myn te fokus.

Die lede het verlede week gedetailleerde inligting ontvang in verband met PCZM se verwagte dienste verkrygings vereistes vir die konstruksie fase van die myn.

Orion Minerals moedig besighede in die gemeenskap aan om hul verteenwoordigers op die taak span te kontak of om ‘n e-pos te stuur aan *procurement@orionminerals.com.au* om meer inligting te bekom oor hoe hulle aan hierdie proses kan deelneem. Tydens die Bosberaad van 6 tot 7 Oktober 2021 is daar doelwitte gestel vir die verhoging van plaaslike indiensneming en dienste verkryging by PCZM. Die doelwitte was spesifiek om 50% plaaslike indiensneming, 30% plaaslike dienste lewering en 40% kontrakteurs geleenthede by PCZM te verseker.

Orion bly toegewyd om hierdie doelwitte vir die gasheer gemeenskaps deelname te bereik.

Die volgende taak span vergadering sal gehou word op 20 Julie waartydens die dienste verkryging-, opleiding- en ontwikkeling stroom aangepak word. Terugvoering asook vordering oor hierdie vergadering sal aangebied word by die volgende Orion Siyathemba-betrokkenheids forum wat vir 21 Julie beplan is.